

ONS KERKSAANG

Ontstaan van die Berymings en Wysies van Ons Psalms

deur

Ds. P. J. VILJOEN

[Daar is baie mense wat tal van ons berymde psalmverse van buite ken; maar daar is seker nie net so baie wat weet hoe hulle ontstaan het nie. In hierdie artikel verneem ons dan iets van die oorsprong van ons psalms, en 'n mens is verwonder om te lees dat sommige van die berymings en wysies wat reeds in die dae van Luther en Calvyn bestaan het, vandag nog bestaan en gesing word. Die skrywer is predikant op Heidelberg, Transvaal, en die artikel wat hy ons lesers hier aanbied, is die eerste gedeelte van 'n voorlesing wat hy by geleentheid van die Volkspelerkursus in die begin van April aldaar gehou het. In 'n volgende artikel verstrekk hy besonderhede oor die ontstaan van die evangeliese gesange.—RED.]

OP die woord wat God tot die gemeente spreek, volg in ons openbare eredienste die woord wat die gemeente tot God spreek in sy gemeenskaplike sang. Die lied van die gemeente het dan ook geword een van die grootste skatte van die Kerk. Rome het dit nie. Ook dit is daar binne die kring van die geestelike saamgetrek en die leke is byna heeltemal uitgesluit. Reeds die Kerkvergadering van Laodicea, 367, het bepaal dat niemand in die kerk mag sing nie, behalwe die kanonieke sangers. Rome het kerkmusiek en sy musikale misse; maar dit word gelei deur die priester en die koor, en die gemeente luister swygend daarna. So het dit gekom dat die Christelike gemeente meer as duisend jaar lank nie geweet het wat dit is om die Here te loof met psalme en gesange nie.

Met die Hervorming het dadelik die belofte aan die gemeenskaplike gesang van die gemeente ontstaan. Luther was 'n hartstogtelike liefhebber van sang en musiek en reeds in 1524 het hy sy eerste liederbundel uitgegee. In Frankryk en Holland is die voorbeeld van Luther nie dadelik gevolg nie. Die vervolging in daardie lande het dit meegebring dat dié gelowiges lange tyd gedwing was om in stilte saam te kom. Ook was daar in die begin 'n algehele gebrek aan liedere en sangwysies waardeur die vromes uiting kon gee aan die gewaarwordinge van hul harte. Die eerste Franse Hervormde liedere het in 1533 die lig gesien. In 1537 het Calvyn in die Raad van Genève voorgestel dat psalms gesing moet word by die openbare eredienste. Sy verbanning wat kort daarop gevolg het, het die uitvoering van hierdie besluit onmoontlik gemaak. Hy word nou predikant van Straatsburg en daar het hy die hande vry, want reeds sedert 1525 het die gemeente aldaar by die openbare eredienste gesing. Binne 'n maand na sy aankoms is die psalms van Dawid by die openbare eredienste aangehef.

Hierdie psalms was nog nie in druk uitgegee nie, maar is van persoon tot persoon oorgegedra. Hulle is meegebring deur vlugtelingen uit Parys en was die werk van Clement Marot. Op die wysies van bekende volksliedjies is hulle gesing. Calvyn self het dadelik aan die werk gegaan en sewe psalms berym. So is in 1539 die eerste psalmboek in Frans in Straatsburg gedruk. Dit het agtien psalms en drie gesange bevat.

Die eerste psalmberyming waarvan die Hervormdes in Nederland hulle bedien het, was die „Souterliedekens” — van Souter of Psalter, d.i., Psalmboek. Die ontstaan van hierdie berymings is onbekend. Ook hulle is gesing op luttige melodieë van bekende volkswysies. Volgens prof. Bon is Ps. 65, bv., gesing op die wysie van „Vat jou goed en trek, Ferreira”. Vir ons klink dit na heiligskenis, maar in werklikheid het dit tot gevolg gehad dat die psalmboek verbasend snelle ingang gevind het sowel by Roomse as Protestantse en die saak van die Hervorming is kragtig daardeur bevorder. Voor die jaar 1566 het ses-en-twintig uitgawes van hierdie „Souterliedekens” die lig gesien. Die groot saak was dat die volk nou liedere besit het wat maklik van buite geleer en gesing kon word. Daarby het die psalms hulle so uitstekend aangepas by die stryd en smart van dié dae.

Tog het die gevoel van eerbied en van wat paslik is in die aanbidding van die Heer spoedig ontevredenheid laat ontstaan oor hierdie sangwysies. Die Sinode van Mechelen, 1570, het reeds besluit om voorsingers en orreliste tot hul plig te roep en by hulle aan te dring om nie langer soldatesang en onbetaamlike musiek in die kerk te bring nie. Die ernstigesindes het begin klae dat die heilige Woord van God dikwels misbruik word vir danse en ander wulphede.

Die uitredding sou uit Genève kom. Clement Marot, kamerdienaar van koning Frans I, moes uit Frankryk vlug weens sy Protestantse oortuigings. Sy misdaad was dat hy dertig psalms berym en in 1542 uitgegee het. Calvyn het hom met oop arms ontvang en by hom sterk aangedring om voort te gaan met hierdie werk. Ongelukkig het die dood in 1544 'n einde gemaak aan hierdie arbeid. Hy kon net negen-en-veertig psalms voltooi. Sy werk is voortgesit deur Theodorus Beza en in 1562 was al die psalms berym. Hierdie psalmboek het in 'n tydperk van vier jaar twee-en-sestig uitgawes belewe.

Hierdie psalmberyming is vir ons van die uiterste belang weens die sangwysies wat saam daarmee aan

die gemeentes aangebied is. Vir die sangwysies moes die voorsingers van daardie dae sorg. Om hierdie amp met eer te beklee, moes die voorsinger musikus van beroep en toonkustenaar van aanleg wees. Gelukkig het die begaafde musikus, Louis Bourgeois van Parys, juis op hierdie tydstip opgetree as voorsinger in Genève. Hy het dadelik die Straatsburgse bundel van Calvyn aangepak. Drie van die ou wysies het hy onveranderd oorgeneem. So sing ons Pss. 36, 103 en 137, behoudens latere verbasteringe, nog altyd op die oorspronklike melodieë. Die magtige wysie van Ps. 36, so geliefd deur die gemeente, is die werk van Mattheus Greiter, voorsinger in daardie dae in Straatsburg. Vir die ander psalms het Bourgeois sy eie toonsetting gemaak. Tagtig van die sangwysies van die psalms het hy aan ons besorg. Onder hulle is die bekendste Pss. 42, 72, 118, 130, 134.

Van hom het iemand geskrywe:

„Hy het na verskeidenheid gestrewe en dis moeilik om twee reëls in verskillende psalms te vind wat om mekaar lyk. Hy het geweet om buitengewoon goed die ooreenkoms te vind tussen die inhoud van die lied en die melodie. Hy kan juig en klae, smee en dank, hom in God verbly en voor God verootmoedig. Hy weet ook wat dit is om na God te dors. Die geheim hiervan is sy innige vroomheid, gepaard met musikale skeppingsgawe; sy grondige kennis van die ou toonsoorte en onbeperkte heerskappy oor die vorm.”

Jammer dat hy nie die hele bundel kon afwerk nie. Hy was nie gou tevrede nie; maar sy gedurige veranderinge het lastig geword vir die gemeente. Eenmaal het hy in die gevangenis beland omdat hy eimagtig wysiginge aangebring het in 'n nuwe uitgaaf van die psalms. Op voorspraak van Calvyn is hy weer in vryheid gestel. Later het hy probeer om die gemeente die psalms vierstemmig te laat sing. Dit het hom in onguns by Calvyn gebring en hy moes Genève verlaat, tot onherstelbare skade vir die nog onvoltooide psalm-bundel.

Sy werk het oorgegaan in die hande van mr. Pierre. Twee-en-sestig van ons psalmwysies is van sy hand. Hy het probeer om so ver moontlik in die gees van Bourgeois voort te werk. Die bekendste toonsettings wat ons van hom het, is Pss. 81, 84, 89, 105, 146. Die orige sewen-en-dertig psalms is in 1562 getoonset deur Lucas de Heere op voetspoor van die wysies van Marot. Maar dit het nooit eintlik ingeslaan nie.

In hierdie komposisies is gebruik gemaak van kort en lang tone, hele en halwe note. Ons vaders het nie net lang note gesing nie. Elke psalmboek voor 1773 uitgegee lewer bewys daarvan. Voetius skrywe in

1663: „Laat almal tog veral die hele en halwe note onderskei, want dit bevorder die skoonheid van die kerkgesang.” Dis jammer dat hierdie manier van sing in onbruik geraak het en dat dit haas onmoontlik skyn om dit weer terug te kry. Die vernaamste rede hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die feit dat deur die baie berymings van die psalms die maat van die woorde in stryd gekom het met die ritmus van die musiek, sodat 'n hele noot bo 'n kort lettergreep, 'n halwe noot bo 'n lang lettergreep kom te staan het. Hoe meer die maatgevoel ontwikkel het, hoe hinderliker het dit geword. Die gemeentes het dikwels hierdie gebrek op 'n baie lelike manier verhelp. Van Ieperen beskryf die manier van sing in sy dae as volg:

„De noten onnodig rekkert; in de mond draayen, te kauwen en door ettelike verlagingen en verheffingen tusschen de tanden en het gemelte slangsgewyse heen te slingeren en te dwarrelen, gelyk tot hiertoe de meest algemene, doch belachlike gewoonte geweest was.”

Toe die gesangbundel van 1806 sommige psalm-melodieë oorgeneem maar net in lang note gedruk het, is amptelik bevestig wat reeds lank die gebruik, of liever misbruik, gewees het en het dit nog onmoontliker geword om verandering aan te bring.

Die sangwysies het nou gereed gelê, maar daar was nog geen algemeen erkende psalmberyming nie. Jan Uytenhove, 'n Vlaamse edelman, die grondlegger van die kerkgesang van die Nederlandse Gereformeerdes, soos hy ook soms genoem word, het na 'n arbeid van sewentien jaar 'n nuwe en baie verdienstelike psalmberyming die volk aangebied. Hierdie beryming is egter spoedig verdring deur dié van Petrus Dathenus, uitgegee in die jaar 1566. Dit was geen werk van jare nie, maar, soos hy self verklaar, is dit hom in haas afgedwing. Dis dan ook niks anders nie as 'n slaafse vertaling van die Franse beryming van die psalms deur Marot en Baza. Dit was 'n baie gebrekkige en uiters vrye beryming, en tog het dit twee eeue lank in gebruik gebly. Selds die voortrefflike beryming van Marnix van St. Aldegonde kon dit nie verdring nie, veral weens die verset van die boekverkopers. In die loop van die agtiende eeu het die gelowiges al meer die gebrekkige van hierdie beryming begin aanvoel. Hulle het begin praat van die erbarmelike digter en bevind dat hy die Woord van God deur vergesogte invoegsels verduister, ja soms geheel verdelg. Die een het gesê: „Die ingelaste stukke is groter as die laken.” 'n Ander: „Daar is psalms onder waar 'n derde deel van die teks nie in is nie.” Tallose verbeteringe het verskyn. Uiteindelik was daar 'n stortvloed van psalmberyminge. Uit die sewentiende eeu is daar nie minder as veertig nie. Maar die volk het daar krampagtig aan vasgeklem weens sy oudheid. So verhaal Bruno dat 'n goeie kennis hom eendag na afloop van 'n diens gevra het watter boek hy in die hand het. „Dis die psalms van Marot en Baza,” was sy antwoord. „Ek het nie lus om Datheen se psalms te sing nie. Hierdie is veel beter.” „Die goeie man,” so verhaal hy, „het so boos geword dat hy homself byna tot 'n nuwe owerpriester opgewerp en my gekruisig het. Hy het beweer dat ek godslasterlik praat, want die psalms is die Woord van die Heer en Datheen het hulle verbeter.”

Die verset het toegeneem. Daartoe het ook bygedra die langsame, half-gillende, half-huilende manier van sing, sonder orrel — want ook dit was omstreeks 1650 in die ban gedoen, wat toe algemeen die gebruik was en weinig stigting aan die gemeente gebring het. In 1640 beskrywe Constantyn Huyghens dit as volg:

„De toonen luyden dwars onderen, als gevogelte van verscheiden becken. De maten stryden als putemmers, d'een dalende soveel d'ander ryst. Daer werd om 't seerste uitgekreten, alsof 't een sake van overstemminge ware, ende dat het de meeste souden wegh draegen, met diergelycke onhebbelikheden meer.”

Uiteindelik het die Staten van Nederland op versoek van baie sinodes die voortou geneem vir die invoering van 'n nuwe psalmboek, en so is daar op 12 Januarie 1773 nege predikante byeen in 's Gravenhage in die Mauritshuis, saam met twee afgevaardigdes van die Staten, om die werk aan te pak. Na lang beraad is besluit om eenvoudig 'n keuse te doen uit bestaande

(Vervolg op bladsy 65.)

ONS KERKSANG

(*Vervolg van bladsy 23.*)

beryminge, met wysiginge waar nodig geoordeel. Uiteindelik het hulle hul hoofsaaklik gehou aan die beryminge van Hendrik Ghysen, voorsinger van die Amstelkerk in Amsterdam, van beroep silwersmid; Johannes Eusebius Voet, geneesheer en amptenaar in 's Gravenhage en van die Kunsgenootskap „Laus Deo salus populo”. Agter in die grotere gesangboeke is 'n opgaaf van die verskillende psalms wat uit hierdie beryminge oorgeneem is, te vind.

Na 121 sittinge is die psalmboek op 19 Julie 1773 gereed. Op dié dag is dit in 'n plegtige vergadering in teenwoordigheid van die Stadhouer aan die Algemene Staten oorgedra. Vandaar die opskrif van ons Psalmbundel:

„Het Boek der Psalmen nevens de Gezangen by de Hervormde Kerk van Nederland in gebruik, door last van de hoog mogende heren Staten Generaal der Verenigde Nederlanden. Uit drie berymingen, in den jaar 1773, gekozen, met de nodige daarin gemaakte veranderingen.”

In September is dit reeds gedruk en word dit na die verskillende geweste gestuur. Ook die gewestelike State besluit tot invoering en oral gaan die drukperse aan die werk. In Amsterdam is daar 'n tekort aan boekbinders. Al die bestellinge kan nie uitgevoer word nie, met die gevolg dat die psalmboek eers aan die einde van 1774 algemeen in gebruik geneem kon word. Die heuglike gebeurtenis is op baie plekke feestelik

gevier, in feesredes geroem, deur die skilderkuns gesimboliseer en deur gedenkpenninge verewig. Baie geskrifte het die psalms geprys, sommige in ernstige en ander in luimige trant. So het daar 'n veldgesprek verskyn tussen Vreesaart, Oudlief, Dichtlief, Goed-smaak en Styfhoofd, deur Hoorgraag bygewoon, deur Zwyniet in ses afdelinge vertel.

Die jongste verwikkelinge, so ver dit ons aangaan, is ons eie beryming van die psalms in Afrikaans deur prof. dr. J. D. du Toit, Totius, 'n werk wat nie onderdoen vir die beryminge deur ons behandel nie, maar hulle in baie opsigte oortref. Hierdie werk sluit egter aan by die ou berymings. In sy voorwoord sê die digter:

„Noodsaaklik moet vermeld word dat hierdie ritmiese bewerking van die Psalms nie geheelenal die vrug is van oorspronklike arbeid nie. Dankbaar is gebruik gemaak, veral by die bekende psalms, van die onder ons bekende en veelsins uitnemende Hollandse Psalmberyming. Dan het ook Marnix, Vondel, Camphuysen e.a. hulle kostelike bydrae gelewer vir sover verse of reëls aan hulle beryminge ontleen of deur hulle geïnspireer is. Van dit alles kan hier geen nadere rekenskap gegee word nie. Dit was my strewe om die oue goud vir die Kerke van Suid-Afrika nie verlore te laat gaan nie.”

In hierdie nuwe psalmboek is ook heelwat nuwe wysies opgeneem. Net 85 van die ou wysies het behoue gebly. Ons hoop dat die dag spoedig sal aanbreek dat hulle algemeen deur ons gemeentes in gebruik geneem sal word. Sodra dit geskied, sal ons psalmboek gewis vir ons nuwe en groter betekenis kry.

Ons laat hier volg 'n voorbeeld van die verskillende beryminge van Ps. 1:1:—

Datheen:

Die niet en gaet in der godtlosen raedt,
Die op den weg der sondaers niet en staet,
En niet en sit by den spotters onreyne,
Maer dag en Nacht in Gods Wet alleyne,
Al synen lust, ja, spreeket daarvan eenpaer,
Die mensch is welgeluksaligh voorwaar.

Staten Beryming:

Welgelukzalig hy, die in der boezen raad
Niet wandelt; noch op 't pad der zondaars staat;
Noch nederzit, daar zulken samenrotten,
Die roekeloos met God en godsdienst spotten;
Maar 's Heeren wet blymoedig dag en nacht
Herdenkt, bepeinst en yverig betracht.

Totius:

Welsalig hy wat op die spoor nie gaan
Waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
Of neersit waar die spotglans in die oog is,
Waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
Maar wat Gods wet in stille mymering,
By dag en nag, weer in gedagtnis bring.

[*In 'n volgende stuk wat aanstaande week sal verskyn, word die ontstaan van die Evangeliese gesange bespreek en gewys op die betekenis sowel van die psalms as van die gesange in ons volkslewe.*]